

## 50 DAE REEKS OOR HOOP

1. **Deel met mekaar:** watter Skrifgedeelte, preekgedagte, hooptema (sien bladsy 2 van die reeks se boekie) het vir jou uitgestaan/jou aangespreek tydens die reeks oor hoop?
2. In die reeks het ons gehoor dat daar Hoopdiewe is wat ons hoop van ons wil steel. **Herinner mekaar weer aan wat alles hoopdiewe kan wees** waarvoor ons moet uitkyk, en wat ons moet vermy.
3. 2 Kor 4: 16 tot 18 se woorde wil vir ons moed en hoop gee. **Lees dit saam, en deel met mekaar** hoe julle die woord “onsigbaar” wat daar staan, verstaan. Wat is die inhoud van daardie woord; waarna verwys dit alles?
4. Wie is die enigste Bron van al ons hoop? In Romeine 15:13 word die antwoord hierop bevestig (**Lees dit saam**). **Deel met mekaar** ander verse uit God se Woord wat ook vir jou die antwoord op die vraag bevestig.
5. Hoe kan ons ons hoop in God lewendig hou? **Dink saam:** Watter praktiese maniere is daar?
6. Vir wie is die hoop wat ons in ons het, bedoel? **Lees saam** 1 Petrus 3: 15 – 16.
7. **Bid vir mekaar** (draai 2-2 na mekaar) die woorde van Romeine 15:13 (*om dit te verpersoonlik, is die woord “julle” met “jou” vervang*):

“Mag God, die bron van alle hoop,  
*jou* deur *jou* geloof mat alle vreugde en vrede vervul,  
sodat *jou* hoop al hoe sterker kan word  
deur die krag van die Heilige Gees”

Amen.